

Datum: 4 November 2022

Geagte Belangstellende en Geaffekteerde Party,

**KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE EN**

**OPKOMENDE PUBLIEKE VERGADERINGS**

**NABAS DIAMANTE (EDMS) BPK DOEN AANSOEK VIR 'N MYNREG,  
OMGEWINGSMAGTIGING, AFVALBESTUURS LISENSIE ASOOK WATERGEBRUIK  
LISENSIE VIR DIE VOORGESTELDE OPRIG EN BEDRYF VAN GRASDRIFT DIAMANT  
MYN OP DIE LINKER OEWER VAN DIE ORANJERIVIER OP DIE PLAAS NO. 11  
(GRASDRIFT), RICHTERSVELD MUNISIPALITEIT, NAMAKWA DISTRIK, NOORD-KAAP  
PROVINSIE, SUID-AFRIKA**

**DMHE Verw. no. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**

Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewingsevaluerings-praktisyn (OEP) om die Omgewingsimpakstudie (OIS) proses uit te voer ter ondersteuning van Nabas Diamante (Edms) Bpk se aansoek vir 'n mynreg, omgewingsmagtiging asook 'n afvalbestuurlisensie vir die oprig en bedryf van die voorgestelde Grasdrift myn op die Restant van die Plaas Richtersveld No. 11 (Grasdrift).

Die aansoek gebied is 2692 ha groot en geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier binne die Ai Ais Richtersveld Nasionale Park, 140km oos van Alexanderbaai en 250km noord van Springbok binne Richtersveld plaaslike munisipaliteit in die jurisdiksie van die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie van Suid Afrika.

Dit is 'n vereiste, as deel van die OIS publieke deelname proses, om Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) in te lig oor die voorgestelde projek en omgewingsmagtiging prosesse sodat ons u kommentaar en aanbevelings oor die projek kan in win.

Hierdie brief dien as kennisgewing van die projek en vestig u aandag op die volgende:

- Die geleentheid om te registreer as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party (B&GP);
- Die beskikbaarheid van 'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) vir kommentaar
- Vier opkomende publieke vergaderings op 16 en 17 November 2022 in Eksteenfontein, Lekkersing, Kuboes and Sanddrift.

**1. Registreer as 'n B&GP**

U word hiermee uitgenooi om te registreer as 'n B&GP op die projek en aan die proses deel te neem deur kommentaar te lewer deur die Registrasie en Kommentaarblad wat by die aangehegde Agtergrondsinligting-dokument (AID) ingesluit is, te voltooi. .

**2. Agtergrondsinligting-dokument (AID) beskikbaar vir publieke kommentaar**

Die aangehegde AID verskaf 'n oorsig van die Omgewingsimpakstudie proses en nooi B&GPe uit om deel te neem en te registreer vir die proses. 'n Tydperk van 30 dae vanaf 4 November tot 5 Desember 2022 word voorsien om enige kommentaar of besware aan te teken i.v.m die aansoek.

Die AID en gepaardgaande Registrasie- en Insae vorm is beskikbaar in Engels en Afrikaans vanaf die Naledzi-webwerf by [www.naledzi.co.za/publicdocuments](http://www.naledzi.co.za/publicdocuments). Alternatiewelik kan u die OEP skakel vir 'n afskrif van die AID. Gedrukte kopieë is ook beskikbaar by die volgende openbare biblioteke in die projekgebied:

- Kuboes, Eksteenfontein, Lekkersing, Sanddrift en Port Nolloth; asook
- Alexander Bay Richtersveld GEV Kantore

Registreer en rig u kommentaar tesame met u naam, kontakbesonderhede en belang in die projek aan Marissa Botha (Naledzi) na [botham@naledzi.co.za](mailto:botham@naledzi.co.za) of skakel ons by 084-226-5584 vir meer inligting. Registrasies en insae moet ingestuur word teen **5 Desember 2022**. Neem asseblief ook kennis dat slegs geregistreerde B&GPe in kennis gestel sal word van enige toekomstige projekkenisgewings/inligting na verstryking van hierdie registrasietydperk.

### **3. Kennisgewing van publieke vergaderings op 16 en 17 November 2022.**

B&GPe word ook genooi om die onderstaande geskeduleerde openbare vergaderings vir die projek by te woon waar die OEP 'n oorsig sal gee van die projek asook die OIS-proses wat gevolg word. Registrasie- en kommentaarblaaie sal ook beskikbaar wees en kan by die vergaderinglokaal voltooi word.

<b>Datum</b>	<b>Vergaderinglokaal</b>	<b>Tyd</b>
16 November 2022	LEKKERSING SAAL	10H00
16 November 2022	EKSTEENFONTEIN SAAL	14H00
17 November 2022	KUBOES V GK KERK SAAL	10H00
17 November 2022	SANDDRIFT SAAL	14H00

Registrasie- en Kommentaarvorms sal ook by die vergaderlokaal beskikbaar wees en kan na afloop van die vergaderings voltooi en by Naledzi ingedien word.

#### **Wat is volgende?**

Alle kommentaar of besware ontvang gedurende die publieke registrasie en kommentaar tydperk, sal vervat word in 'n Insae- en Terugvoerverslag (ITV) en sal ons daarvolgens terugvoer gee.

Ons sal 'n konsep Omvangsbepalings verslag vir die projek voorberei wat vir 30 kalenderdae vir publieke kommentaar beskikbaar gestel sal word. Die ITV-besonderhede sal by die verslag ingesluit word, insluitend enige skriftelike kommentaar. Die verslag en meegaande dokumentasie sal beskikbaar gestel word op die Naledzi-webtuiste en by dieselfde openbare areas as die AID.

Naledzi sal die beskikbaarheid van die konsep Omvangsbepalingsverslag aankondig aan geregistreerde B&GPe deur koerant advertensies, per e-pos/telefonies.

Byvoorbaat dankie vir u deelname.

Vriendelike groete,

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'M Botha', with a long horizontal stroke extending to the right.

Marissa Botha (*Pr.Sci.Nat*)  
Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk  
Eenheid 112, the Office Park, Erf 352  
Schoeman Straat, Polokwane, 0700  
Sel: 084 226 5584  
E-pos: [botham@naledzi.co.za](mailto:botham@naledzi.co.za)

Alternatiewelik, skakel die projek OEP:

Prof. Desmond Musetsho by 083-410-1477 of u kan 'n epos stuur aan [dmusetsho@naledzi.co.za](mailto:dmusetsho@naledzi.co.za)

November 2022

## AGTERGRONDSINLIGTING DOKUMENT (AID)

### Doel van hierdie AID

- Verskaf 'n oorsig van die voorgestelde projek en Omgewingsimpakstudie-proses aan enige belanghebbende en/of geaffekteerde partye (B&GPe)
- Gee u die geleentheid as B&GPe om betrokke te raak by die publieke deelname proses vir die projek;
- Bied u die geleentheid om 'n bydrae te lewer oor die aspekte wat ondersoek moet word in die Omvangsbepalings-verslag asook die Omgewingsimpak-verslag
- Bied u die geleentheid om enige kommentare en of besware wat u mag hê oor die projek deur te gee aan die OIS projekspan.

### U kan dit bereik deur:

- Die AID te hersien en te registreer as B&GPe deur die aangehede registrasievorm te voltooi (sien bladsy 10)
- Ons te kontak deur 'n epos te stuur/telefonies met ons te gesels.
- Om kommentaar of besware oor die projek te lewer binne die gegewe tydperk d.w.s. **voor of op 5 DESEMBER 2022.**
- Die vergaderings by te woon op 16 en 17 November 2022 (sien bladsy 8)

**Alle registrasies en insae moet ingehandig wees teen 5 DESEMBER 2022.**

### KONTAK:

Naledzi Omgewingskonsultante  
**Skakel persoon:** Marissa Botha  
Eenheid 112, the Office Park, Erf 352,  
Schoeman Staat, Polokwane, 0699  
**Tel:** 084 226 5584/ 083 410 1477  
**E-pos:** [botham@naledzi.co.za](mailto:botham@naledzi.co.za)  
[www.naledzi.co.za](http://www.naledzi.co.za)

### NABAS DIAMANTE (EDMS) BPK 'Voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery'

#### KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE:

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde oprig en bedryf van Grasdrift Diamant Delwery geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op die Restant van Plaas Nr. 11 (Grasdrift), Richtersveld, Namakwa Distrik, Noord-Kaap Provinsie (Suid-Afrika)**

### 1. Projek Agtergrond en Ligging


Nabas Diamante (Edms) Bpk (aansoeker) besit tans die prospekteer-reg (NC 30/5/1/1/2/501 PR) vir spoeldiamante op die Restant van die Plaas Richtersveld Nr. 11 (Grasdrift) geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier binne die Ai Ais Richtersveld Nasionale Park en het onlangs aansoek gedoen by die Departement van Mineralehulpbronne en Energie (DMHE) vir die mynreg oor dieselfde gebied (**DMRE Ref. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**). Die Richtersveld Nama-gemeenskap, deur Nabas Trust, is 'n direkte aandeelhouer in Nabas Diamante.

Die voorgestelde myreg-gebied is ongeveer 2692 ha groot en geleë 140km oos van Alexanderbaai en 250km noord van Springbok in die Richtersveld plaaslike munisipaliteit binne die jurisdiksie van Namakwa Distriks-munisipaliteit in die Noord-Kaap Provinsie van Suid-Afrika. Toegang tot die mynreg-gebied word verkry deur middel van 'n 80km grondpad deur die Richtersveld Nasionale Park tot by Grasdrift, (Sien **Figuur 1, bladsy 2 vir die Liggingsplan**).

Die eksplorasië werk wat voltooi is in 2019 by Grasdrift, dui daarop dat daar meer as 250, 000 karaat hoëwaarde-diamante beskikbaar is vanaf die mynreg-gebied wat oor 'n mynlewenduur van 30 jaar ontgin kan word deur middel van konvensionele oopgroefmyn metodes d.w.s. laai, vervoer en ontgin deur middel van 'n Sif-en Sorteeraanleg. Die delwery sal bekend staan as 'Grasdrift Diamant Delwery/myn'.

As deel van die proses om die mynregaansoek te verkry, word dit ook vereis van die aansoeker om verdere omgewings magtiging en lisensies te bekom soos in die afdelings hieronder uiteengesit.





Figuur 1: Streeks-Liggingsplan (Verskaf deur 'To the T Drafts' ontwerp vir NDI Geologiese Konsultasie Dienste)

### 3. Projek Beskrywing

Soos voorheen uitgewys, sal die Grasdriфтdelwery, oopgroefmyn metodes gebruik om die diamante te ontgin. Die mynproses sal gemeganiseerde verwydering van die bogrond behels asook die uitgrawe van sand en rotse om by die diamantdraende gruis langs die Oranjeriver te kom. Die gruis sal gelaai and vervoer word na 'n Sifaanleg vanwaar dit verder gesif en later sorteer word in 'n Sorteermasjien. Uitskot material sal op uitskot materialhope gestoor word vir latere gebruik in die rehabilitasie van uitgemynde/versteurde areas.

Die geskatte verwerkingskapasiteit van die delwery sal 300 000 ton/maand wees. Die mynreggebied sal in 3 seksies verdeel word met 'n verwerkingsaanleg opgerig in elke seksie (verwys na Figuur 2 hieronder en Bylae A vir die myn terrein-plan). Van die infrastruktuur wat vir die delwery benodig word, bestaan reeds en is gedurende die prospekter-tydperk opgerig. 'n Bykomende 9.4 ha myn-infrastrukture sal dus opgerig word.


Die infrastruktuur en dienste benodig vir die delwery sluit in:

- Bestaande toegangspaaie sal gebruik word (gevestig gedurende prospekteertydperk).
- Bestaande steen geboue en staal strukture sal opgeknop en hergebruik word as kantore en store.
- < 1ha Parkeer area
- **'n Mineraleverwerkingsaanleg** in elk van die 3 seksies op die mynreggebied bestaande uit:
  - 'n Sifaanleg (Rotary Pan) wat > 0.5ha dek (d.w.s 3 aanlegte @ 0.5ha = 1.5ha)
  - 'n Sorteeraanleg/masjien wat 0.5ha dek (d.w.s 3 aanlegte @ 0.5ha = 1.5ha)
  - 'n Slik / uitsak dam **wat wissel in grootte in elke seksie** d.w.s. 1ha, 1ha en 2.97ha. Die minimum kapasiteit van die slik/uitsakdamme is 110 000m<sup>3</sup>/maand.
  - Die verwerkingsaanleg sal 'n verwerkings kapasiteit van 71 000 ton/maand hê;
  - Sand sal uitgesif word alvorens dit deur die aanleg gaan en 'n geslote stelsel sal gebruik word om slik en watergebruik deur die verwerkingsaanleg te verminder.
- **6 ha Besoedelings-beheerdam**
- **3 Bogrond hope (elk <0.5ha)** vir die tydelike berging sodat dit gebruik kan word vir rehabilitasie van uitgemynde / versteurde areas.
- **23.5 m<sup>3</sup> Dieselstoorplek** (23m<sup>3</sup> tank en 0.5m<sup>3</sup> dieselkarretjie)
- **< 0.5ha Kontrakteurs area**
- Stofbeheer
- Stormwater infrastruktuur

**Benodigde dienste:**

- **Watervereistes:**
  - 270 000m<sup>3</sup> water sal uit die Oranjerivier onttrek word vir die proses asook drinkwater.
    - Drink water sal in JoJo Tenks gestoor word.
    - Proseswater sal in 3 damme gestoor (3x 0.5 ha = 1.5ha)
  - 'n Water-pyplyn sal aangelê word om water vanuit die rivier na die verwerkingsaanlegte te gelei.
  - 'n Gemiddeld van of 80 000 - 100 000m<sup>3</sup>/maand water sal benodig word.
- **Elektrisiteit sal voorsien word deur middel van kragopwekkers** om die aanlegte, woonkwartiere en waterpomp te voorsien van krag.
- **Riool** – Ablusiefasiliteite en 'n kompak Riool-behandelings-aanleg sal opgerig word.





Figuur 2: Mynreggebied (rooi veelhoek) en 3 myn seksies voorgestel op die linker oewer van die Oranjerivier uitgelê op 'n Google Earth lugfoto (Sien Bylae A vir 'n gedetailleerde terreinplan)

## 5. Wetlike Vereistes

Die voorgestelde delwery lei tot die aanvang van verskeie gelysde aktiwiteite nl.

- Staatskennisgewing (SK.) No. 324, 325 en 327 van 7 April 2017 (soos gewysig) wat omgewingsmagtiging vereis ingevolge die 2014 OIS-regulasies (GNR 326) gepubliseer ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NOBW); ook
- 'n Aantal reguleerde afvalbestuuraktiwiteite gelys onder GN R. 633 en R. 921 gepubliseer onder die Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet (Wet 28 van 2008) (NOBW: A) wat 'n afvalbestuurslisensie vereis. Beide aansoeke is onderhewig aan 'n volledige Omvangimpakstudie-proses.

Die volgende gelysde aktiwiteite vereis goedkeuring van DMHE: Springbok Streekskantoor:

**Tabel 1: Moontlike lys van aktiwiteite wat goedkeuring vereis (sal bevestig word gedurende die OIS-proses)**

NOBW OIS Regulasie Staatskennisgewing	Moontlike gelysde aktiwiteite geaktiveer
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Omgewingsmagtiging</b></li> </ul>	
<b>1 (SK. 327)</b>	Aktiwiteit 12, 19, moontlik 25, 27
<b>2 (SK. 325)</b>	Aktiwiteit 17
<b>3 (SK. 324)</b>	Aktiwiteit 12, 14 en moontlik ook aktiwiteit 10
<b>NOB:A Afvalbestuursaktiwiteite Staatskennisgewing</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Afvalbestuurlisensie</b></li> </ul>	
<b>SK. 633</b>	Aktiwiteit 11
<b>SK. 921 (Kategorië A)</b>	Aktiwiteit 10, 12
<b>SK. 921 (Kategorië B)</b>	Aktiwiteit 1 en 10

Nabas sal ook 'n Watergebruiklisensie-aansoek (WGLA) indien by the Departement van Water en Sanitasie (DWS): Oranje bestuursgebied ingevolge artikel 40 van die Nasionale Waterwet (Wet 36 of 1998) (NWW) vir watergebruike soos omskryf in artikel 21 (a), (b) (c), (g) (i) en moontlik ook 21 (j). Die toepaslike watergebruike sluit in:

- S 21a – Ontrekking an water uit die Oranjerivier (270 000m<sup>3</sup>/jaar)
- S 21b – Stoor van water in drie (3) damme
- S21c en i – Mynaktiwiteite binne die gereguleerde area van die Oranjerivier en ander strome/riviere.
- S21g – Oprig en bedryf van 'n kompakte Riool-behandelings-aanleg, drie (3) Slik/Uitsakdamme asook 'n besoedelings beheerdam.

## 6. Omgewingsevaluerings-praktisyn

Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk. is aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn (OEP) om die OIS-proses en WGLA te onderneem en sal die geïntegreerde openbare deelname proses uitvoer wat aan beide die vereistes van die NOBW en NWW voldoen.

Hierdie AID verskaf aan lede van die publiek inligting rakende die projek en sal die leser in staat stel om :

- Bepaal of hul 'n B&GPe is;
- Die projek te verstaan om ingeligte geldige kommentaar te lewer.
- Die OIS-proses te verstaan om sinvol deel te neem.



## 7. OIS-proses


Die OIS-proses is 'n wetlike instrument wat gebruik word om die potensiële omgewingsimpakte van 'n voorgestelde projek te identifiseer, te ondersoek en beveel dan daarvolgens, versagtingsmaatreëls aan om te verseker dat dit beheer/vermy word indien omgewingsmagtiging toegestaan word. Die hoofdoel daarvan is om die DMHE en die publiek in te lig oor die omgewingsevolge van die projek. Die OIS-proses word uitgevoer in oorleg met regulasie 21 – 24 van die 2014 OIS-regulasies (Sk. 326) en bestaan uit drie fases wat vier stappe inligting genereer m.a.w.

- **Omvangsbepalingsfase**
  - Agtergrond Inligtings Dokument (AID-hierdie dokument) om die projek aan te kondig
  - Konsep Omgewingsimpak-bepalings-verslag (OBV)
- **Omgewingsimpak Fase**
  - Konsep Omgewingsimpak-verslae (OIV) en Omgewings bestuursprogram (OBP) insluitend spesialis-studies
  - Mynsluiting en Rehabilitasie Plan
- **Besluitnemingsfase** – DMHE reik 'n besluit uit op die aansoek.

As deel van die Omvangbepalingsfase sal 'n AID-dokument versprei word om te dien as kennisgewing van die aanvang van die OIS-proses, geleentheid om te registreer en aanvanklike kommentaar te lewer. Gedurende hierdie fase sal die potensiële negatiewe en positiewe impakte relevant tot die voorgestelde delwery geïdentifiseer word om die aspekte te bepaal waarop gefokus moet word tydens die Impakfase. Die potensiële impakte sal geïdentifiseer word deur aanvanklike lessenaar-studie, terreinverifikasie, aanvanklike spesialis-insette, insluitend kommentaar ontvang van die publiek en sleutel-kommentaar-owerhede en vorige ervaring van soortgelyke projekte. Die inligting sal gekonsolideer word en in 'n Omvangbepalingsverslag aangebied word en sal onderhewig wees aan 30 dae hersieningtydperk en kommentaar voordat dit aan die DMHE vir goedkeuring voorgelê word.

Sodra die DMHE die Omvangsbepalingsverslag aanvaar word sal die Impakevalueringsfase begin, deur spesialis-studies uit te voer en die konsep Omgewingsimpakverslag (OIV) op te stel wat alle impakte en kwessies wat tydens die Omgewingsbepalingsfase geïdentifiseer is, te evalueer. Die OIV sal 'n oorsig gee van die potensiële impakte, die impakte rangskik en kwantifiseer en versagtings maatreëls voorskryf om negatiewe impakte tot aanvaarbare vlakke te verminder.

'n Ouditbare Omgewingsbestuursprogram (EBP) sal ook voorberei word wat omgewings bestuur spesifikasies aanbeveel vir die konstruksie, bedryf, sluiting en rehabilitasie van die delwery wat deur Nabas Diamonds waargeneem moet word. Die verslae sal vrygestel word vir 30 dae publieke hersienings tydperk en kommentaar gevolg deur 'n tweede rondte van publieke deelname (asook vergaderings). Die publieke insette sal by die verslae bygewerk word en aan DMHE voorgelê word vir besluitneming. DMHE sal binne 107 dae 'n besluit oor die aansoek neem. B&GPe sal van die besluit in kennis gestel word en 'n 20-dae appèl-tydperk op die besluit gegun word.



Figuur 3: Basiese Illustrasie van die OIS-proses

## 8. Potensiële impakte en Spesialis-studies

Spesialis-studies is 'n deurslaggewende komponent van die OIS-proses, en vorm die basis van die geïntegreerde OIV en OBP vir die voorgestelde projek. Gebaseer op die aard van die projek en DFFE GIS-gebaseerde 'National web-based Environmental Screening Tool' word verskeie spesialis-studies vereis en sal as deel van die OIS-proses aangevra word om die terreinaspekte en potensiële omgewings- en sosiale impakte relevant tot die projek te evalueer. Die volgende spesialis-studies sal onderneem word:

- Erfenisimpakevaluering en lessenaar Paleontologiese assessering
- Hidrologiese-impakstudie insl.
  - Mynwater verbruikbalans
  - Vloedlynbepaling
  - Konseptuele Stormwater bestuursplan
- Geohidrologiese-impakstudies
- Akwatiese Biodiversiteit en Vleiland-impak bepaling.
- Terrestriële Biodiversiteit Assessering (Fauna, Flora, Avifauna)
- Grond, Landboupotensiaal, Grondgebruikvermoë studie
- Hidropedologie-assesering
- Geraas, Luggehalte (stof), Visuele impakstudies
- Sosio-ekonomiese impak bepaling
- Gemeenskaps gesondheid studie

## 9. Publieke Deelname

Publieke deelname is 'n sleutelvereiste van die OIS-proses en moet uitgevoer word in ooreenstemming met die NOBW OIS-regulasies (Regulasie 39-44). Die doel van die ODP is om B&GPe te betrek en 'n geleentheid te bied om hul menings oor die omgewingsimpakte van die aansoek te lig. Alle publieke kommentaar en sienings oor die impakte/projek word in the OIS-proses gedokumenteer en daarop gereageer asook in omgewingsverslae geïnkorporeer vir oorweging deur DMHE. Dit is dus belangrik dat relevante B&GPe vanaf die begin van die proses geïdentifiseer en by die ODP betrek word om die fokus van die OIS-prosesplan te help bepaal. Naledzi se openbare deelname plan vir die projek word hieronder uiteengesit.

Drie rondes van publieke deelname word as deel van die OIS-proses beplan om aan beide die NOBW- en NWW-vereistes te voldoen.

### Plan

#### 1ste rondte - B&GP-registrasie, AID beskikbaar vir 30 dae hersieningstydperk en kommentaar

**November 2022** – Die projek sal op die volgende wyse aan die publiek bekend gemaak word:

- 4 – 11 November 2022:
  - Koerant advertensie in die Plattelander en Gemsbok
  - Plasing van terrein kennisgewings;
- 4 November to 5 Desember 2022:
  - Vrstel van 'n AID (hierdie dokument) vir 30 dae publieke hersienings tydperk en kommentaar in die projekgebied en op die Naledzi-webtuiste ([www.naledzi.co.za/publicdocuments](http://www.naledzi.co.za/publicdocuments)) onder die opskrif 'Voorgestelde Grasdrift-myn.
  - 16 – 17 November 2022: Opkomende openbare vergaderings (Sien afdeling 9.1 vir meer inligting)

## 2de Rondte – Vrystel van Konsep Omvangs-bepalings-verslag vir 30-dae hersienings tydperk en kommentaar

### Januarie tot Februarie 2023

Die tweede rondte van publieke deelname sal die volgende behels:

- Plasing van 'n koerant kennisgewing in dieselfde koerante as gebruik in rondte 1
- E-pos kennisgewing oor die beskikbaarheid van die konsep Omvangs-bepalings-verslag vir 30-dae publieke hersieningstydperk en kommentaar gedurende Januarie 2023.
- Plaas die Konsep Omvangs bepalingverslag vir publieke hersiening op die Naledzi-webtuiste en in die projekgebied by dieselfde lokale as die AID.
- Sodra die hersieningstydperk verstryk, sal die verslag opgedateer word om publieke insette te inkorporeer en sal aan die begin van Februarie 2023 voorgelê word aan DMRE om te aanvaar.
- B&GPe sal in kennis gestel word sodra die Omvangsbepalingsverslag aanvaar is deur die DMHE en die Omgewings impakfase kan begin. Dit sal heel moontlik volg in April 2023.

## 3de Rondte – Vrystel van konsep Omgewings impak verslag vir 30-dae publieke hersienings tydperk

### Junie – Julie 2023

Die 3de rondte sal die volgende behels:

- Plasing van 'n derde rondte van koerant kennisgewings
- E-pos van kennisgewingsbriewe aan geregistreerde B&GPe van die beskikbaarheid van die konsep OIV & OBP;
- Besikbaarheid van Konsep-OIV & OBP vir publieke hersiening en kommentaar by dieselfde openbare lokale as die AID- en Omvangs bepaling verslag en plasing op die Naledzi-webtuiste.
- 'n Tweede rondte publieke vergaderings sal gehou word, waarin die bevindinge van die OIV & OBP aangebied sal word.

## 9.1 Komende Publieke Vergaderings

B&GPe word ook genooi om die onderstaande opkomende publieke vergaderings vir die projek by te woon waar die OEP 'n oorsig sal gee van die projek asook die OIS-proses wat gevolg word. Registrasie- en kommentaarblaai sal ook beskikbaar wees en kan by die vergaderinglokaal voltooi word.

**Tabel 2: Opkomende openbare vergaderings**

Datum	Lokaal	Tyd
16 November 2022	LEKKERSING SAAL	10H00
16 November 2022	EKSTEENFONTEIN SAAL	14H00
17 November 2022	KUBOES VGK KERK SAAL	10H00
17 November 2022	SANDDRIFT SAAL	14H00

Registrasie- en Kommentaarblaai sal ook by die vergaderlokaal beskikbaar wees en kan na afloop van die vergaderings voltooi en by Naledzi ingedien word. Geteikende vergaderings sal ook gehou word met sleutelkommentaar owerhede en belanghebbendes soos vereis gedurende die loop van die OIS-proses.

## 10. Hoe kan u betrokke raak?

U word uitgenooi om as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party (B&GP) vir 30 dae, vanaf 4 November tot 5 Desember 2022, te registreer. Die AID is tans beskikbaar vir hersiening en indiening van kommentaar oor die voorgestelde aansoeke.

U kan die komende openbare vergaderings op 16 en 17 November 2022 bywoon om vrae van duidelikheid te vra en om meer projekinligting te bekom.

B&GPe word versoek om asseblief hul kommentaar tesame met hul naam, kontakbesonderhede en 'n aanduiding van enige direkte besigheids-, finansiële, persoonlike of ander belang wat hulle in die aansoek het, aan die kontakpersoon hieronder te verskaf, binne die gespesifiseerde tydperk.



Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk

Eenheid 112, the Office Park, Erf 352, Schoeman Straat, Polokwane, 0699

Skakel: Marissa Botha / Desmond Musetsho

E-posl: [botham@naledzi.co.za](mailto:botham@naledzi.co.za) / [dmusetsho@naledzi.co.za](mailto:dmusetsho@naledzi.co.za)

Tel: +27 84-226-5584 / +27 83-410-1477



**REGISTRASIE EN KOMMENTAARBLAD**

**KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE PROSES EN  
PUBLIEKE DEELNAME PROSES**

**AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING VIR 'N MYNREG,  
AFVALBESTUURSLISENSIE ASOOK 'N WATERGEBRUIKS LISENSIE AANSOEK VIR  
DIE VOORGESTELDE GRASDRIFT DIAMANT DELWERY, LINKER OEWER VAN DIE  
ORANJERIVIER OP DIE RESTANT VAN DIE PLAAS NR. 11 (GRASDRIFT),  
RICHTERSVELD, NAMAKWA DISTRIK, NOORD-KAAP PROVINSIE (SUID-AFRIKA)  
DMRE Ref. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**


**Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk**  
Skakel: Marissa Botha  
Eenheid 112, the Office Park, Erf 352  
Schoeman Straat, Polokwane, 0699, Suid-Afrika  
Skakel: 084 226 5584  
E-pos: [botham@naledzi.co.za](mailto:botham@naledzi.co.za)  
[www.naledzi.co.za](http://www.naledzi.co.za)

<b>TITEL (Prof/Mnr, Mev)</b>		<b>NAAM</b>	
<b>VAN</b>			
<b>POSISIE (bv. Direkteur, Eienaar, Sekretaresse)</b>			
<b>ORGANISASIE</b>			
<b>POS ADRES</b>		<b>POS KODE</b>	
<b>TEL NO:</b>		<b>SEL NO:</b>	
<b>FAKS NO:</b>		<b>E-POS:</b>	
<b>BELANG IN DIE SAAK:</b>			
<b>INSAE / BESWARE/BEKOMMERNISSE (Gebruik asseblief 'n aparte bladsy indien nodig)</b>			

Voeg asseblief die volgende van my kollegas/bure by jul lys van B&GPe:

<b>Naam</b>	<b>Organisasie:</b>		
<b>Kontak besonderhede:</b>			
<b>Adres:</b>			
<b>Tel:</b>	<b>Faks:</b>	<b>Sel:</b>	
<b>E-pos:</b>			





Bylae A

NAMIBIA

SOUTH AFRICA

AI-AIS RICHTERSVELD  
TRANFRONTIER  
CONSERVATION  
PARK

REAMINDER  
FARM 18

A PORTION  
REMAINDER  
FARM 18

**GRASDRIFT MINING**

**KEY PLAN**

**WGS84 DATUM SURVEY SYSTEM LO17**

SCALE 1 : 30 000

**LEGEND:**

PROSPECTING BORE HOLES	• • •	MINE ROAD	———
PROSPECTING PIT & DUMP	● ● ●	SECONDARY ROAD	———
MINED	■ ■ ■	WATER	———
DISTURBED	■ ■ ■		
RAMP	▤ ▤ ▤		
DUMPS	■ ■ ■		



Date: 4 November 2022

Dear Stakeholder,

**NOTICE OF AN ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS AND  
SCHEDULED PUBLIC MEETINGS**

**RE: FOR AN APPLICATION FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION, WASTE  
MANAGEMENT LICENSE AND WATER USE LICENSE BY NABAS DIAMONDS (PTY) LTD  
FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT AND OPERATION OF GRASDRIFT DIAMOND  
MINE ON THE LEFT BANK OF THE ORANGE RIVER ON THE REMAINDER OF FARM  
NO. 11 (GRASDRIFT), RICHTERSVELD LOCAL MUNICIPALITY, NAMAKWA DISTRICT  
NORTHERN CAPE PROVINCE**

**DMRE Ref no. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**

Naledzi Environmental Consultants (Pty) Ltd have been appointed as the independent environmental assessment practitioner (EAP), to conduct an Environmental Impact Assessment (EIA) process in support of Nabas Diamonds (Pty) Ltd's mining right application for alluvial diamonds and associated applications for environmental authorisation and a waste management license over the Remainder of the Farm No. 11 (Grasdrift).

The application area is 2692 ha in extent and located on the left bank of the Orange River within the Ai Ais Richtersveld National Park, 140km east of Alexander Bay and 250km north of Springbok in the Richtersveld Local Municipality within the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province of South Africa. The mining operation will be known as 'Grasdrift Mine'.

This notification letter serves to inform you, in terms of Regulation 41 (c) of the EIA Regulations of 2014 (GN R. 326, as amended on 7 April 2017) published under the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998), the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 22 of 2002) and the National Environmental Management: Waste Act (Act 28 of 2008) (NEM: WA) of the commencement of an EIA and public participation process for the 'Grasdrift Mine' project.

As part of the public participation process, we are required to inform Stakeholders / Interested and Affected Parties (I&APs) about the proposed project to solicit their views, comments and recommendations on the project.

We, therefore, draw your attention to the following:

1. An invitation to register as an Interested and Affected Party (I&AP)
2. The availability of a Background Information Document (BID) for comment
